

**Sondag, 20 Desember 2020**

**Fokusteks: 2 Samuel 7:1-16**

Dawid wil vir God 'n huis bou, maar dan is dit asof God, met respek gesê, vir Dawid sê: "Jy dink jou planne om vir My 'n huis te bou is groot en indrukwekkend, wag tot jy my planne vir jou huis hoor."

Koning Dawid sit heel rustig en ontspanne in sy koningshuis. Ja, waar is die dae toe hy maar net 'n skaapwagttertjie was! En nou het hy gevorder tot die magtigste man in Israel. Sy vyande is almal verslaan, hy bly in 'n pragtige en luukse huis en na al die jare van oorlog het dinge vir hom baie goed uitgewerk. Dis nou rustig en vreedsaam.

Maar iets pla hom. Die ark van die Here, wat 'n uiters belangrike simbool is van God se teenwoordigheid, staan in 'n tent. Dit is vir Dawid net nie reg nie. Die Here wat hom hierdie voorspoed en rus verseker het se "huis" is nie van dieselfde standaard as Dawid se huis nie. Dit laat Dawid sleg voel. Hy wil darem dankie sê vir al die hulp en in sy hart lyk die opset net nie regverdig nie. As sý "huis" dan 'n paleis is, hoef die Here se "huis" mos nie meer 'n tent te wees nie, maar 'n koninklike tempel wat die Here waardig is. Hoe kon hy in 'n pragtige huis bly, terwyl God se ark in 'n tent moes wees? Hy deel sy plan met die profeet, Natan, om vir God 'n meer permanente huis te bou, en Natan, sonder om God te raadpleeg, sê dit is reg so. Let op, hy vra nie eens die Here se toestemming nie, maar gee sommer aan Dawid toestemming vir sy plan namens die Here.

Daar wag egter 'n verrassing. Nee wat, die Here soek nie 'n beter of meer permanente huis nie. Hy kan buitendien nie op een plek ingeperk word nie. Hy kan sy woonplek enige plek kan maak waar Hy wil. Jahwe is nie 'n God wat sit nie (soos die afgodsbeelde wat maar net sit of staan in die omringende volke se tempels). Hy is nie 'n *sit*-God nie, maar 'n *woon*-God. Hy kan beweeg waar Hy wil. Daarom kon Hy mens word en onder ons kom woon (Joh.1:14). Die Here is nie 'n statiese godheid wat aan 'n tempel gebonde en afhanklik is van menslike aanbidding nie. Jahwe is vry.

Dit is belangrik om daarop te let dat Dawid in verse 1-3 "koning" genoem word, maar wanneer God in vers 4 en verder met Dawid praat, word hy as "my dienaar" aangespreek. Dit is asof God vir Dawid mooi wil laat verstaan met wie hy nou eintlik te doen het. Al lyk die tent vir Dawid minderwaardig, is God groter as geboue. Al is Dawid die koning, is hy in vergelyking met God, net 'n dienskneg.

Dit is interessant dat Stefanus, wat bekend staan as die eerste martelaar in die Nuwe Testament, in sy toespraak voor die hoëpriester terugverwys na Dawid se plan om vir die Here 'n huis te bou. Dan sê hy in Handeling 7:48-50

<sup>48</sup> *God, die Allerhoogste, woon egter nie in geboue wat deur mense gemaak is nie. Soos die profeet dit stel:*

<sup>49</sup> *Die hemel is my troon en die aarde die rusplek vir my voete, sê die Here. Watter soort huis sal julle tog vir My bou of watter plek as my rusplek?*

<sup>50</sup> *Het Ek nie self al hierdie dinge gemaak nie?*

Hier maak God dit duidelik dat geen gebou Hom kan huisves nie. In 2 Samuel 7:6 en 7, gee God twee redes hoekom Hy nie 'n gebou nodig het nie. Vers 6: *Sy sorg het nog nooit van die tabernakel afgehang nie* en, vers 7: *Hy het nie gevra vir 'n gebou nie.*

**God se sorg in die verlede (7:8-11a)**

Die Here herinner Dawid gou-gou wie nou eintlik vir wie sorg. Dit is immers God wat hom agter die kleinvee laat haal het en uiteindelik 'n koning laat word het. Dit is God wat hom die oorwinning oor sy vyande gegee

en beroemd gemaak het. Dit is God wat hom rus en vrede gegee het van al sy vyande. Dit is God wat van die begin af vir sy volk gesorg het. Nie net vir Dawid nie, maar ook sy voorgeslagte wat deur die woestyn getrek het tot in die beloofde land. Die Here sorg vir Dawid, nie andersom nie.

Ons hoef nie vir God 'n helpende hand te gee nie. Hy is God en niks of niemand kan Hom in 'n gebou vasvang, of in 'n definisie nie. Hy is groter as wat ons ooit kan dink of droom. Hierdie Skrifwoord bevat 'n groot waarskuwing. Ons kan so maklik besluit om dinge te doen omdat dit vir ons lofwaardig lyk en eerbiedig klink, sonder om God te raadpleeg. Ons kan sterk opinies oor baie sake hê en dan die fout maak om te dink dis ook die Here se opinie. Net soos die profeet Natan, wat Dawid se planne goedkeur sonder om God te raadpleeg. Daarom is voortdurende gebed nodig om seker te maak dat ons die stem van die Here reg hoor en reg verstaan. Selfs dan moet ons bewus wees van ons eie gebreke. Ons mag dalk meer na ons eie gevoelens luister en dan met mense dáárvolgens handel en oordeel. So kan ons maklik die Woord van die Here misbruik om te sê wat ons graag wil hê dit moet sê.

Dawid en Natan maak albei die fout om planne uit te dink wat nie die goedkeuring van God nodig het nie. Dawid se plan is nie God se plan nie. Dawid kan nie vir God besluit wat God nodig het nie. Ongelukkig is dit iets wat Christene en kerke ook te maklik, te onnadenkend doen – om dinge te sê of iets te beplan namens God. My planne is nie altyd God se planne nie, maar God se planne vir my is altyd die beste.

### **God sal vir Dawid 'n ewige koningshuis bou (7:11-16)**

Die fokus van die gesprek verskuif na die toekoms. Die Here se sorg word nie net gesien in die verlede en hede nie, maar strek tot in die toekoms. Dis asof die Here vir Dawid wil sê: Het jy 'n plan om vir Mý 'n huis te bou? Laat Ek jou eerder vertel van my plan vir jóú koningshuis! God beloof om vir Dawid 'n koningshuis te vestig wat vir altyd sal voortbestaan, selfs na sy dood. Dawid se nageslag sal 'n dinastie van konings wees tot in ewigheid. So lees ons in verse 11-13, 16

*<sup>11</sup> Ek maak aan jou bekend dat Ek vir jou 'n koningshuis gaan vestig. <sup>12</sup>Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee. <sup>13</sup>Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan.*

*<sup>16</sup>Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan.*

Hierdie belofte is deels vervul na Dawid se dood. Sy seun, Salomo, het 'n indrukwekkende tempel laat bou. Ongelukkig sou die ontrou van die konings en die volk eindig in ballingskap. Die tempel is ook in daardie tyd totaal vernietig. Dit het egter nie die einde van God se beloftes beteken nie. Daar was altyd die hoop en verwagting dat 'n Messias sal kom om weer gestalte te gee aan hierdie belofte van 'n ewige koningshuis.

In Lukas 1:31-33 lees ons van 'n engel se verskyning aan die jong maagd, Maria:

*<sup>31</sup> Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. <sup>32</sup> Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.*

So het die belofte destyds aan Dawid finaal waar geword. Daar is nou 'n permanente koningshuis, maar nie een wat uit fisiese strukture bestaan nie. Die huis wat die Here ons gee is 'n geestelike huis, waarin ons ontdek dat die Here self ons huis is – sy Woord, sy liefde en sy getrouheid. Die Here se woonplek is ook nou by sy kinders. Dit is wat ons by Paulus hoor in 1 Kor.3:16

*Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?*

God se sorg is altyd meer as wat ons vra. Dit is nie ons wat vir onself of vir God sorg nie. Dit is nie ons wat die kerk aan die gang hou en die wêreld 'n beter plek maak nie, dit is en bly God. Israel se lotgevalle was ten nouste verbind aan die koning. As die koning sou faal in sy koningskap, sal Israel misluk. As die koning wen, oorwin die hele Israel.

As jy planne het vir jou lewe, vir jou toekoms, moet dit ingebed wees in die groot Raadsplan van God. Dit gaan nie oor wat jy dink vir die Here goed sal wees nie, maar hoe die Here sy goedheid deur jou wil gebruik. Soos wat Israel se lotgevalle aan hul koning verbind was, moet ons lewens eerder aan Jesus, die ware Koning, se lewe gebind wees. Hy is die Een wat alles oorwin het, selfs die dood.

Die Here het by jou kom woning maak. Sy "huis." Mag dit vir jou hoop en troos gee vir die uitdagings wat jy in hierdie en toekomstige tye mag ervaar. Soos God 'n skaapwagtertjie opgetel en versorg het, sal God jou ook optel en versorg. Die nuwe lewe wat God in 'n krip geskep het, sal ook in jou lewe gebore word. En met jou sterwe sal jy deel hê aan die ewige Vaderhuis met sy baie wonings, wat reeds gereed gemaak is.

### **Gebed**

Here, U is my lewe, U sorg vir my.

Wat ek ontvang, kom alles van U af.

'n Pragtige deel is vir my afgemeet,

ja, wat ek ontvang het,

is vir my mooi.

Omdat U by my is,

sal ek nie struikel nie.

Daarom is ek bly en juig ek

en voel ek my veilig.

By U is daar oorvloedige blydschap.

Uit u hand kom net wat mooi is. (uit Psalm 16)